

KOERSVAS

Uitgawe 9 Jaargang 1 22 Februarie 2013



In hierdie uitgawe

Redaksioneel
Nuusbrokkies
Kennisgewings

Redaksioneel

Selfstandige gemeentes staan voor groot en wonderlike uitdagings. Dit is die ideale geleentheid om sonder bagasie en strukture van die verlede terug te beweeg na 'n kerkwees wat Bybels en tog ook eenvoudig is. Sommige struikelblokke is maklik om te verwyder terwyl ander wesentlike bedreigings is.

Die nuutste vlaag van verguising en verdagmaking van steedsHervormde predikante deur sekere partye is baie meer as net 'n ongemaklike situasie. Die pogings wat aangewend word om gemeentes te ontwig en eiendompe op te eis, spreek van skandalige optrede en verkeerde prioriteite.

In die nuutste voorvalle word lidmate en die gemeenskap wysgemaak dat sekere steedsHervormde predikante nie bevoeg is om hulle werk te doen nie. Predikante word met ander woorde persoonlik geteiken en geteister. Dit het 'n impak op die predikant se werk in die gemeente en die gemeenskap. Enige persoonlike aanval het die potensiaal om ook 'n mens se diepste wese te krenk en te skend.

Die eerste natuurlike reaksie is om te wil terugkap en terug seer te maak. Selfbeheersing en geduld is gawes van die Gees wat in gehoorsaamheid afgebid moet

word. As gelowiges betaam dit nie om mense seer te maak en te verneder nie. Dit betaam ons ook nie om terug te wil seer maak nie. Dit beteken nie dat daar nie reageer moet word nie. Dit het dalk tyd geword dat daar lastereise teen hierdie haatdraende persone ingestel moet word. As gelowiges moet ons met ons medegelowiges 'n pad loop wat howe probeer vermy. In ons omgaan met mense wat deur hulle optrede (wat baie keer grens aan die kriminele) eerder hulle ongeloof bewys, moet alternatiewe ondersoek, geweeg en implementeer word.

Die teenvoeter daarmee saam is gewoon om aan te gaan met jou werk. Enige ouer predikant sal bevestig dat die "spook" van jou voorganger deur jou toegewyde werk stilgemaak sal word. Optrede en arbeid wat die teendeel bewys van dit wat beweer word, is baie meer effektief as om in 'n is-issie stryd betrokke te raak. Lidmate ondersteun hulle reggeaarde geestelike leiers deur hande te vat en saam die Here met toewyding te dien.

Diegene met verkeerde prioriteite moet ook kennis neem. **Die stryd gaan om beginsels en sake van oortuiging.** Die persoonlike aanvalle bewys eerder morele- en beginsel armoede as wat dit 'n "sege" gaan waarborg.

Nuusbrokkies

- Die verslae en werksdokumente van die verskillende groepe wat tydens die Bondstigting vergader het, is by ds Frans Marais ingehandig. Predikante en ouderlinge sal in Maart vergader om die dokumente te verwerk en dit dan insluit by die agenda vir die eerste algemene vergadering van die Bond van Selfstandige Hervormde kerke (tydelike naam).
- Renette du Plessis (steeds lidmaat van die NHKA) se klag teen Beeld en Neels Jackson, is deur die appèllogaam gehandhaaf. Sy het Jackson en Beeld in 2012 aangekla van beriggewing wat nie feitelik korrek is nie. Die persombudsman het in haar guns bevind. Beeld en Jackson het appelleer en die appèllogaam se bevinding dat Beeld se appèl nie toegestaan word nie en haar klag gehandhaaf word, is hierdie week bekend gemaak. Beeld sal 'n regstelling moet publiseer. Lees meer op die steedsHervormerswebblad by <http://www.steedshervormers.co.za>.
- Pietersburg: Die Welgelegen gemeente het nou onttrek as tweede Applikant in die eiendom hofaansoek wat hulle saam met die KommAKV teen Oostelike Pietersburg gebring het. Die KommAKV het nog geen aanduiding gegee dat hulle die saak, deur hulle aanhangig gemaak, gaan terugtrek nie.
- NHKA Gemeente Vaalwater se ouderlinge het dit goed gedink om die volgende sms te stuur aan lidmate van die Onafhanklike gemeente. *Die ouderlingevergadering van Gemeente Vaalwater het kennis geneem van u inskakeling by 'n ander kerk en dat u dus ophou om lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van*

Afrika te wees. Dit is natuurlik 'n poging tot intimidasie en kwetsend van aard. Die ouderlinge, onder leiding van hulle konsulent, moet die Kerkorde lees. Dit is nie so maklik om van mense wat van jou verskil, ontslae te raak nie. Die Ouderlingevergadering sal die pad van Opsig en Tug met hierdie lidmate moet loop; alvorens hulle so lukraak kan besluit dat hul lidmaatskap opgehef is. Daar is vele voorbeelde in die geskiedenis van lidmate wat om 'n verskeidenheid redes by ander kerke ingeskakel het en steeds lidmate van die NHKA gebly het. Die Kerkorde stel ook pertinent dat lidmaatskap nie summier eindig, of beëindig kan word nie.

KENNISGEWINGS

- **Meyerspark Hervormde Kerk:** Bosveld Brekvis met Thys die Bosveldklong op **9 Maart 2013**. Dis 'n gesinsontbyt en ons wil graag die ma, pa en kinders daar hê. Havelockstraat, Meyerspark. 08:30 vir 09:00 Volwassenes: R150 Kinders o/12: R50
- **Grootvlei :** KONSERTTYD met Francois en Elizabeth Fourie op Saterdag **20 April 2013** by Grootvlei Jeugsentrum (Kerk) Prys: R50 Almal welkom. Navrae: Mandie Marais 082 387 5308
- **Grootvlei :** ADAM EN MWAH : PLOT OPSKOP **31 Mei 2013** 15:00 tot laat. R70.00 p/p (Kinders o/10 gratis) Kontak nr 082 838 6303
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen 084 581 2905 / 012 811 5165